

2 September

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:1-3

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 12

God het uit niks geskape

Hoekom is daar iets, en nie veel eerder niks nie? Met hierdie vraag het filosowe hulle deur die eeue besig gehou. Moontlik sit daar 'n teenstrydigheid in hierdie vraag. Kan die begrip “niks” as teëpool vir “iets” hoegenaamd bedink of omskryf word? As “niks” bedink of omskryf word, het dit dan nie al klaar in ons gedagtes “iets” geword nie? Ons kan nie eers sê: “Niks is niks” nie, want niks kan mos nie “wees” nie.

Verder is die “iets” wat bestaan amper ewe onbegryplik en oorweldigend! Die enorme grootheid van die heelal met sy planete, sterre, sonnestelsels en galaksies tot in die skynbaar oneindige, die kleinheid van die mikrokosmos met sy atome, molekules, elektrone, kwarke, leptone en gluone, asook die kragte wat alles saambind en bestuur, spreek van 'n wysheid en sorg wat die menslike verstand ver te bowe gaan.

Om vandag in hierdie konteks bewustelik te bely dat alles (“iets”) uit “niks” geskape is vra dus uit en uit geloof. Jy moet voorwaar oortuig wees van “die dinge wat jy nie sien nie” (vers 1).

Dit is opmerklik dat as die skrywer van die Hebreërbrief aan sy lesers voorbeelde van geloof voorhou hy HEEL EERSTE die geloof in 'n skepping uit niks noem (vers 3). Wie aanvaar dat bestaan (syn) in die verlede deur 'n woord van God uit niks na vore geroep is sal ook gereed staan om op sy woord ryke beloftes uit 'n oënskynlik leë toekoms te verwag. Sulke geloof werk in Abel, Henog, Abraham, Moses en andere.

Miskien voel jy vandag iewers tussen “iets” en “niks” of staan jy voor 'n toekoms wat leeg lyk. Neem jou toevlug tot God en die beloftes van sy Woord. Waar God se Woord in die niks kom ontstaan daar iets. “Omdat jy dit glo,” kan jy dit weet.

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~